UITGAWE 7 | JAARGANG 22 | 26 APRIL 2024

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

## HEMELVAART

NG Kerk Vrystaat

# INHOUD


03 **VRYPOS-FOKUS**

**ONDERSTEUNING**
**So help die Helpmekaar Beursfonds my** *- 'n mediese student vertel*

05 **ARTIKELS**

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Gerontologie Netwerk** | *"Voel jonger en gesonder omdat jy KAN!"*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
**Spiritualiteit Netwerk** | *Ontmoeting met Heiliges - Bridgid van Kildare*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
***Retreats* Netwerk** | *Hoop en perspektief op ons eie menswees en roeping*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Afrika, kontinent van Lig (Deel 2 van 5)** | *Ons moet anders begin dink oor sending*

**VENNOTE IN GETUIENIS**
**Werkgroep vir Islam** | *Die Koran valideer die Bybel*

**ONDERSTEUNING**
**Skriba-opleiding** | *Skribas word opgeskerp vir die taak*

**ALGEMEEN**
*Die Vrystaat groet Barnard Steyn*

09 **VERBI DIVINI MINISTER**

**EREDIENS NETWERK**
**Martin Laubscher** | Die kruis se (opstandige) uitroep ...

NUUT

11 **CLARENS HERMITAGE**

**LEIERSKAP NETWERK**
**Jan Venter** | Wêreldwyd is daar 'n behoefte vir mense om stadiger te leef

13 **UIT DIE FAKULTEIT**

**FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE (UV)**
**Jacob Mokhutso** | *The Department of Religion Studies*

14 **MEDIATEEK**

**BOEK EN INVENTARIS**
**Jaap Furstenberg** | Gedoop met die Gees van Christus. *Beleef God-in-beweging*

15 **EKOLOGIE**

**Verrykende verrassings in die natuur**
Ontmoeting met God in die natuur

16 **AKTUEEL ALGEMEEN**

16 | CLF - Pinksterreeks 2024
13 | Advertensies

19 **VERJAARSDAE**

20 **OPLEIDING**

21 **NUUSBRIEWE**
**PUBLIKASIES**
**BROKKIES UIT KERKBODE**

22 **WAT'S NUUS?**
**KALENDER**
**VAKATURES**
**AFLOSLERAARS**

23 **'N LAASTE GEDAGTE**

**Johan Nel** | Hemelvaart

24 **KONTAK ONS**

## FOTO'S

Canva | Pixabay
Flickr | Pexels | Pixton
Tensy anders vermeld

## ARTIKELSKRYWERS

Mariëtte Odendaal
Michael Rautenbach
Enrico Casaleggio
Tertius Botha | Jan Venter
Martin Laubscher
Jacob Mokhutso
Johan Nel | *Bybel-Media*
*CLF* | *Kerkbode* | TOIBO

---

## HEMELVAART

Ons vier jaarliks Jesus se Hemelvaart, waar ons bely dat Jesus liggaamlik die wêreld verlaat het om 'n nuwe ewige woning vir ons by die Vader voor te berei. Hiermee sê ons ook dat Jesus vir altyd Koning is en vier ons ook veral Sy wederkoms, waarby Hy ons en die hele skepping nuut gaan maak.

## DAGBOEK DÍT

**Neem, lees ...**
**2 - 4 September 2024**
*VBO vir predikante*
Moolmanshoek, Rosendal-distrik. *Meer info volg later.*

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 10 Mei**.

Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# REDAKTEUR


### BYDRAES EN NAVRAE
cmclean@ngkvs.co.za

## CELICIA MCLEAN


ngkerkvrystaat.co.za





***Helpmekaar Vrystaat Beursfonds*** *(Foto: Canva)*

# SO HELP DIE HELPMEKAAR BEURSFONDS MY - *'n mediese student vertel*

*Deur Mariëtte Odendaal*

*"Ek dink hierdie soort fondse is wonderlik. Dit dra baie daartoe by dat ons as studente ons studies kan voltooi. Terselfdertyd help dit ons ook om op ons beurt weer iets aan die gemeenskap terug te gee."*

*Bianca van der Vyver*
*Helpmekaar Beursfonds-begunstigde*

Tersiêre opleiding is 'n peperduur perd om op te saal; dit kos 'n student gemiddeld R100 000,00 per jaar, afhangend van watter kursus jy volg. Studeer jy egter medies, raak dit 'n uitdagende stryd om van jaar tot jaar kop bo water te hou, aangesien dit 'n vyf jaar-lange kursus is, waarna daar nog twee internskapsjare en een gemeenskapsdiensjaar volg voordat jy 'n gekwalifiseerde dokter is.

"Elke sent wat na jou kant toe kan kom, is dus uiters welkom," vertel Bianca van der Vyver, mediese student aan die Universiteit van die Vrystaat wat deur die Helpmekaar Beursfonds ondersteun word. Ons het meer gaan uitvind.

### Bianca, wat het jou laat besluit om medies te studeer?

"Ek is in Bloemfontein gebore, waar ek ook groot-geword en my hoërskoolloopbaan aan die Sekondêre Meisieskool Oranje voltooi het. "Aangesien my tannie as mediese student aan die Universiteit van die Vrystaat by ons ingewoon het, het ek vir etlike jare blootstelling aan haar studies gehad en het ek baie daarin begin belangstel. Dit het 'n groot invloed op my beroepskeuse gehad."

Lees meer »

NG Kerk
Vrystaat

*'n Volgende geslag se impak in die Vrystaat is onberekenbaar*

## SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

# HELPMEKAAR VRYSTAAT

**Helpmekaar Vrystaat**
gee jaarliks beurse aan studente
Vanjaar het 92 studente aangeklop
Slegs R 12 855 per student beskikbaar



**SKENK VANDAG**

### DONASIES

**NG Kerk Vrystaat** ☑
**Nedbank**
**Takkode: 198765**
**Rek: 1178 097 218**
*Verwysing: Helpmekaar*

Van die aansoekers vir 2024 is voornemende

| | |
|---|---|
| Landboukundiges | 05 |
| Onderwysers | 23 |
| Mediese Personeel | 20 |
| Maatskaplike Werkers | 04 |

tbotha@ngkvs.co.za (051) 406 6700

# ARTIKELS

## UIT DIE SINODE

BEDIENINGS-
BEGELEIDING



*Mariëtte Odendaal*

Gerontologie Netwerk

**“Voel jonger en gesonder omdat jy KAN!”**

»

BEDIENINGS-
BEGELEIDING



*Mariëtte Odendaal*

Spiritualiteit Netwerk

**Ontmoeting met Heiliges - Bridgid van Kildare**

»

BEDIENINGS-
BEGELEIDING



*Ds Michael Rautenbach*

*Retreats* Netwerk

**Hoop en perspektief op ons eie menswees en roeping**

»

VENNOTE IN
GETUIENIS




*Mariëtte Odendaal*

Afrika, kontinent van Lig | 2

**Ons moet anders begin dink oor sending**

»

VENNOTE IN
GETUIENIS



*Dr Enrico Casaleggio*

Werkgroep vir Islam

**Die Koran valideer die Bybel**

»

ONDERSTEUNING



*Tertius Botha*

Skriba-opleiding

**Skribas word opgeskerp vir die taak**

»

Deur **Mariëtte Odendaal**

# Die Vrystaat groet **Barnard** Steyn



*"Gelowiges is bedelaars wat weet waar om b(B)rood te vind. Mag ons so leef en dien."* - **Ds Barnard Steyn oor sy droom vir die kerk**

"Hy's regverdig. Hy's uniek geveerd. Hy weet hoe om ongemaklike oomblikke te hanteer; hy weet hoe om na randfigure uit te reik. Hy het groen vingers en is baie lief vir die natuur. Hy's belangstellend; hy daag situasies uit. Hy bring rustigheid en kalmte. Hy's veelkleurig; hy's 'n *enabler*, innoverend. Hy glo in mense. Hy neem inisiatief en is kreatief. Hy dink en doen nuut."







Só getuig kollegas in die wandelgange van die sinodale kantoor van die NG Kerk Vrystaat oor ds Barnard Steyn wat binnekort vertrek om by die sinodale kantoor van die NG Kerk Wes-Kaapland in Bellville, Kaapstad in te val.

Barnard was sedert 2014 die uitvoerende amptenaar van Bedieningsbegeleiding, een van die vyf sinodale bedieninge van die NG Kerk Vrystaat; 'n pos wat hy die afgelope dekade met groot entoesiasme en toewyding tot aan die einde van April vanjaar beklee het.

Vanaf 1 Mei sal hy as Predikant in Sinodale Diens (PSD) vir die Diensgroep vir Barmhartigheid aan die NG Kerk Wes-Kaapland dien, 'n pos wat hom aangebied is nadat dr Nioma Venter wat voorheen hierdie pos beklee het, onlangs as algemene sekretaris van die NG Kerk aangestel is. Voordat hy nou heeltemal uit die Vrystaat verdwyn en hom in die Boland gaan vestig, wou ons darem eers virtueel saam met hom 'n koppie goeie koffie onder 'n groot koelteboom gaan drink en gesels.

**Lees meer »**

Healthcare

# A comprehensive overview of ADHD



ADHD, short for Attention Deficit Hyper Disorder, is a medical condition that affects and influences how people behave. While it is more common in males, females can also suffer from ADHD. Diagnosis typically occurs during childhood, but some people are diagnosed with ADHD in adulthood. The exact cause of ADHD still remains unknown though it is assumed that genetic and environmental factors can play a role. Being exposed to alcohol, drugs and smoking during pregnancy or being born prematurely or underweight can increase the chance of ADHD.

**ADHD is complex because it has two symptom clusters: Inattention and Hyperactivity/ Impulsivity.**

- make careless mistakes or struggle to pay attention to detail
- struggle to complete tasks
- find it difficult to pay attention for long periods of time
- find themselves easily distractible
- easily forgets
- lose important items
- avoid doing things that require a lot of concentration
- struggle to organise tasks and activities



## Symptoms of a person with hyperactivity/ impulsivity:

- fidgets or squirm
- struggle to stay seated for long periods of times
- talk too much or blurt out answers before a question is completely asked
- interrupt the conversations of others
- move around quickly with lots of energy
- struggle to be patient and wait
- struggle to do anything quietly

0151-2023-03 • Getty Images

These symptoms can occur in any combination making it important to thoroughly observe behavior before a diagnosis can be made. It is important to note that amongst those who are diagnosed with ADHD in their childhood, 15% will carry the symptoms into adulthood especially if they are not adequately treated. Given that adultscarry out more responsibilities in their day-to-day duites compared to children, they are affected differently by ADHD.



## Daily struggles adults with ADHD may face:

- getting ready on time and keeping appointments
- completing daily tasks like cleaning or going grocery shopping
- meeting deadlines for school and work
- forgetting important things

This can have a negative effect on personal relationships, households and work environments. We see that in adults, untreated ADHD can cause one to have a low self-esteem or misuse drugs and alcohol to cope.

**If you are concerned about any of these symptoms, please seek professional medical advice.**

ADHD is a treatable condition. Medications such methylphenidate - commonly known as Concerta or Ritalin- helps the brain make more of the neurotransmitters that improve concentration and hyperactivity. In addition to medication, therapy plays a vital role in managing ADHD. CBT (cognitive behavioural therapy) can teach one how to think and behave differently in different situations. DBT (dialectical behavioural therapy) teaches one to improve self-control. ADHD coaching can help you manage day to day tasks better.

BEDIENINGSBEGELEIDING



# DIE KRUIS SE (OPSTANDIGE) UITROEP ...

***Deur** dr Martin Laubscher, Erediens Netwerk*

Bostaande skildery van Daniel Louw, "Towards a Theology of the Cross: Cross-Roads/Kruis-pad" (1991) is gebaseer op Matteus 27:45-46 se kruis-woord:, "Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur. Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: 'Eli, Eli, lemá sabagtani?' Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?". Dit is uiteraard 'n lees van die teks én ons konteks wat 'n mens met 'n bepaalde ongemak vul.

Ek sal die eerste een wees om te erken: Hier moet die vraag nie wentel om óf 'n mens hieroor beswaard is of nie, maar veel eerder waarom en waaroor ons ongelukkig sou wees. Die vraag is nie óf ons dit kan gebruik in die erediens en óf ons dit moet sien nie, maar wát is dit wat ons so ontstel? Wat is dit wat ons skynbaar so ongemaklik en beswaard laat in die aanskoue en aanhoor hiervan? Wat is die eintlike problematiek wanneer ons kruiswoorde van Psalm 22:2 so "naby aan die huis (van die Here)" hoor en aanskou? Voel en ken ons dit ook aan ons bas wat kleef aan hierdie kerkbanke?

Wat laat ons so ongemaklik voel om hierdie woorde van Christus só te hoor eggo in ons Suid-Afrikaanse realiteit?

Ek sê weer: Die veronderstelling is beslis nie dat mens hiermee al te gemaklik moet omgaan nie. Die laaste ding wat 'n mens in reaksie op hierdie werk sou wou sien, is om onaangeroer gelaat te word. Nóg *blasé*, nóg gemaklik, nóg apaties, nóg koud oor Hom wat ons só konfronteer en roep, of – kan jy glo – vir en namens ons skreeu. Hierin sien ons hoe Hy tegelykertyd tot ons roep, sodat ons kan erken hoe hy ook vir en namens ons roep.



***Foto: Dr Martin Laubscher** (verskaf)*

Lees meer »

**DOEN JY ADMINISTRASIE? HIERDIE IS VIR JOU!**

**ALLE** SKRIBAS | GEMEENTEBESTUURDERS | KERKKANTOORPERSONEEL
**NUWE PERSONEEL**

# SKRIBA OPLEIDING



## TERTIUS BOTHA

Fasiliteerder

NG Kerk
Vrystaat

'n Inleidende kursus wat jou blootstel aan die Sinodale kantoor en werksaamhede. Ons kyk na praktiese aspekte vir elke dag se werk in die kantoor.

## STEL JY BELANG?

**kontak Tertius vandag nog**

**VIR MEER INLIGTING** (051) 406 6700 tbotha@ngkvs.co.za

# CLARENS HERMITAGE

## LEIERSKAP NETWERK




Deur **ds Jan Venter** | Leierskap Netwerk

BEDIENINGSBEGELEIDING

> Wêreldwyd is daar 'n behoefte vir mense om stadiger te leef. Meer volhoubaar te leef. Meer nadenkend te leef.

Die Clarens Hermitage het stelselmatig ontwikkel vanuit gesprekke met ds Barnard Steyn, voormalige uitvoerende amptenaar van Bedieningsbegeleiding, NG Kerk Vrystaat en die Vrystaatse kerkleierskap. 'n Projekspan bestaande uit Vrystaatse leraars, plaaslike sakelui, 'n paar toergidse en 'n afgetrede teoloog, het aan die werk gespring om van die idee 'n werklikheid te maak. Dit het ingesluit maande van verhoudings bou met private grondeienaars en roetes in die veld 'boendoe bash'.

Daar is ook gesprekke gevoer met leiers in die "Pelgrimstog van Hoop"-beweging.

Die eerste Pelgrimstog van Hoop wat deesdae vanaf óf Robertson óf Stellenbosch (binnekort ook van Wellington en Kaappunt) tot by Kaap Agulhas gestap kan word, is intussen aangevul met meer as een so 'n ervaring, onder andere aan die Suidkus. Die Clarens Hermitage wil graag naby aan die waardes en uitkomste van hierdie beweging bly.

Wêreldwyd is daar 'n behoefte vir mense om stadiger te leef. Meer volhoubaar te leef. Meer nadenkend te leef. Dit is al hierdie soort goed wat in 'n pelgrimstog ingesluit word ... ons koppel dit beslis aan geestelike verdieping," skryf *Kerkbode*-redakteur Le Roux Schoeman in "Nuwe pelgrimsroete: Geloof, hoop en roosterkoek" (*Kerkbode*, 7 Julie 2021).

**Lees meer »**

NG Kerk
Vrystaat

# BOEKPROJEK
## TWEEDE FASE

# Afrikaanse *digbundels* *Romans*

Vir die tweede fase van ons boekprojek is ons op soek na Afrikaanse digbundels en Afrikaanse romans van skrywers van die Vrystaat (Karel Schoeman, Antjie Krog ens)

**PROF HENCO VAN DER WESTHUIZEN**

hvdw@ufs.ac.za of WhatsApp/SMS na 072 180 8181

THEOLOGY AND RELIGION
TEOLOGIE EN RELIGIE

# The Department of Religion Studies

*Inspiring excellence. Transforming lives.*



**Dr Jacob Mokhutso**
*Acting Head of the Department of Religion Studies, University of the Free State*

VISION 130 Renew and Reimagine for 2034 | UNIVERSITY OF THE FREE STATE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT YUNIVESITHI YA FREISTATA UFS THEOLOGY AND RELIGION

The Faculty of Theology and Religion at the University of the Free State has four departments: Old Testament and New Testament Studies, Historical and Constructive Theology, Practical and Missional Theology, and Religion Studies. I am writing about the Department of Religion Studies to which I belong. The Department uniquely contributes to the faculty, society, and our students. Briefly about its staff: The Department had two full-time academic staff members, Dr Jacob Mokhutso and Prof Joel Mokhoathi, who unfortunately left the university at the end of March, and the Department's administrator, Ms Ronel Ellis. We are also delighted and thankful for the continued contribution of our two part-time lecturers, Mr John Victor and Thabiso Khoeli. Again, this year, we received two postdocs, Drs Bernard Humbe and Gift Masengwe.

What is unique about our department is the modules we offer and the themes we explore that go beyond the scope of theology. More so because most of our students are Christians who have not been exposed to other religions. The reality is that social cohesion and a complete understanding of Africa and South Africa's religious landscape are paramount for clergy and other disciplines such as psychology, social work, education, law, etc. because we do not only interact with people from different faiths, but are constantly faced with religious issues such as tolerance. Therefore, our department aims to train well-rounded students who can significantly contribute to whatever context they find themselves in. Our uniqueness is reflected by the modules we offer, which range from higher certificates to Bachelor of Divinity, Honnours, master's structure, and research, as well as PhD qualifications.

For example, we offer a module named ***Religion and Social Milieu***, which focuses on spirituality, religion, social interaction, and transformation, and ***Contemporary Expression of Religiosity*** in Africa, which focuses on contemporary manifestations of African Religion, Christianity, and Islam in Africa. In this module, attention is given to the engagement of these religions with African cultures, modernity, and social challenges. The last one I would like to share that interests you is the ***Study of Belief Systems***, which focuses on new religious movements and secular quests for ultimacy and transcendence (*see our website for more of our modules*).


**Read more »**

# Gedoop met die Gees van Christus

## Beleef God-in-beweging
## *'n Geloofsreis vir individue en groepe*

**Jaap Furstenberg (Skrywer)**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / PINKSTERFEES*




"Beleef in die Gees die wonder van God-in-beweging. Die Gees van Christus werk in en deur ons as gelowiges om ons te vorm en ons lewe te vernuwe sodat ons aan Christus gelykvormig sal word. Ontdek in hierdie 8-weke-studie wat die Bybel vir ons oor die doop met die Heilige Gees sê. En hoor opnuut die blye boodskap dat God ons liefhet en Hom op 'n besonderse manier aan ons verbind het."

**INHOUD**

Inleiding: Wees verseker
Week 1: God self
Week 2: Vader, Seun en Gees – één God
Week 3: Christus en die Gees
Week 4: Jesus wat met die Heilige Gees doop
Week 5: Die agenda van die Gees
Week 6: Die Heilige Gees in ons en in die wêreld
Week 7: Waaroor gaan dit eintlik?
Week 8: Die grootste hiervan

"Jaap Furstenberg het BA Admissie aan die Universiteit van die Vrystaat studeer en daarna by die Kweekskool van die Universiteit Stellenbosch verder gaan studeer. Hy het sy doktorsgraad in Nederland behaal. Jaap was jare lank 'n leraar in verskeie NG gemeentes in Suid-Afrika. In 1974 het sy akademiese loopbaan begin as dosent in Dogmatiek aan die Universiteit van Zoeloeland. Twee jaar later het hy dosent by die Hugenote Kollege in Wellington geword. In 1986 het hy die vise-rektor en in 1995 die rektor van die kollege geword. Prof Jaap is in 2013 oorlede."




*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

BM Bybel-Media

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor

Navrae | **Anelia van den Blink**
**(051) 406 6700** of **kuratorium@ngkvs.co.za**




## Ontmoeting met God in die natuur

*Deur **Mariëtte Odendaal***
*Oorgeneem uit **Re-Wild, Todd Wynward***

Wanneer laas het jy alleen in 'n berg gaan stap, in 'n kano gaan vaar, op 'n duin gaan sit, in die see gaan swem of die tyd gemaak om na al die wonderlike voëltjies in jou tuin te gaan kyk?

Dit is dikwels in sulke stiltes, ver van jou rekenaar en selfoon, dat jy weer bewus word van God se teenwoordigheid. Dit is so nodig om nie net jou liggaam te versorg en fiks te hou nie, maar ook jou kop gereeld 'skoon' te kry. Om hierdie ontmoeting met God in die natuur 'n baie hoë prioriteit in jou daaglikse roetine te maak, sal jou elke keer verras en verryk.

Lees ook iets meer daaroor HIERONDER.

re:wild | **Lees hier »**

# AKTUEEL EN ALGEMEEN













Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »




Klik hier »

VBO VIR PREDIKANTE

VBO FORUM

# neem lees

**2 tot 4**
September 2024

**Moolmanshoek** Rosendal-distrik

## DAGBOEK DIE GELEENTHEID

*Meer inligting volg later*





Aanbieders

LINDIE KOORTS FANIE CRONJÉ

# VERJAARSDAE



VEELS *geluk*

NG Kerk Vrystaat

## APRIL


| | | | |
|---|---|---|---|
| Dr Gideon Serfontein<br>VAALPARK | 27 | 29 | Ds Gideon Lamprecht<br>BETHLEHEM-PANORAMA |
| Ds Janke Hurter<br>BERG-EN-DAL | 28 | 29 | Ds Petrus Fouché<br>HEILBRON-SUID |

## MEI

| | | | |
|---|---|---|---|
| Ds Johan Labuschagne<br>UNIVERSITASRIF | 04 | 07 | Ds Hannes van Deventer<br>VILLIERS |
| Ds Horace van Coller<br>DEWETSDORP | 05 | | |

**WENSE VAN VOORSPOED, GOD SE SEËNINGE EN GENADE VIR DIE NUWE LEWENSJAAR**

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## EXCELSUS LITURGIE KONINKRYKSTYD

29 & 30 April

20 VBO-punte

Aanlyn-aanbieding
Dr André Bartlett
R110 p/p

Lees meer +

**Registreer** +




## EXCELSUS KONTEKS: WAAR IS ONS NOU?

7 - 9 Mei

30 VBO-punte

NGK Suidoos-Pretoria
(Stellastraat)

Lees meer +

**Registreer** +



## PASTORALE BERADINGS-KURSUS

28 Mei

5 VBO-PUNTE

Zoom-aanbieding
Prof Wentzel Coetzer
R250 p/p

Lees meer +

**Registreer** +



## BRUGBEDIENING EN GEMEENTE DIAGNOSE

Julie/Augustus

20 VBO-punte

Prof Malan Nel
NG Kerk Suidoos-Pretoria

Lees meer +

**Registreer** +

# NUUSBRIEWE EN PUBLIKASIES

PUBLIKASIES | BROKKIES UIT KERKBODE




**Publikasie**

*Die heiligheid van hier*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

**Publikasie**

*Nogtans sal ek sing*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

**Publikasie**

*Verbind aan Christus*

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

## BROKKIES UIT kerkbode

**Kerk wat werk-reeks | 'Missionaal wees' is deel van hulle DNS, vertel gemeente in die Vrystaat**
*Kerkbode / 25 April 2024 / Artikels, Gewild*
*Heléne Meissenheimer*

**Geslagsgeweld: Kerk moet oortuigings uitdaag wat skadelike gedrag bevorder**
*Kerkbode / 24 April 2024 / Artikels / Fanie Heyns*

**Podsending: Jaco Strydom gesels met Sharaine Steenberg oor die lewe in Nieu-Seeland**
*Kerkbode / 24 April 2024 / Artikels, Gewild*
*Jaco Strydom*

**'Goedkoop versoening rem eenheids-gesprek tussen VGK en NGK'**
*Kerkbode / 17 April 2024 / Nuus*
*Le Roux Schoeman*

**'Ek is nou genees van te gou opgee' – Red 'n Plaas-caminostappers vertel**
*Kerkbode / 17 April 2024 / Gewild, Nuus*
*Heléne Meissenheimer*

**Oor regse ekstremisme: Kerke moet onthou, nadink en teensit, waarsku Duitse kerkleier by VGK-konferensie in KZN**
*Kerkbode / 12 April 2024 / Nuus / Le Roux Schoeman*

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS


**GEMEENTE**GEBEURE

**Kalender** | Belangrike datums

2 0 2 4

**ADVERTEER AANLYN** HIER
of stuur 'n e-pos aan skakel@ngkvs.co.za

www.ngkerkvrystaat.co.za

NUUT

VAKATURES

NG Kerk Vrystaat

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**

VAKATURES

kerkbode

woes@mweb.co.za | **023 342 6030**

AFLOS

NG Kerk

skakel@ngkvs.co.za | **051 406 6700**


# Predikantenuus

VRYSTAAT

**BEROEP** | NG Gemeente Redelinghuys het op Woensdag 10 April tydens 'n spesiale kerkraadsvergadering besluit om **ds Danell Swanepoel** van NG Gemeente Jacobsdal te beroep. **AANVAAR | Ds André Botha** van NG Gemeente Naboomspruit het die beroep as medeleraar na NG Gemeente Bethlehem-Oos aanvaar, met indiensteding op 1 Julie 2024. **Prop Mattheus Vorster** het die beroep na NG Gemeente Trompsburg aanvaar. Sy bevestiging met handoplegging vind DV op Vrydag 3 Mei 2024 om 18:00 in NG Gemeente Trompsburg plaas. Die rede word gelewer deur dr Gerdrie van der Merwe en op Sondag 5 Mei 2024 lewer ds Vorster sy intreepreek op Trompsburg. **AFSKEIDSPREEK | Dr Gerdrie van der Merwe**, termynleraar en gemeenteseun van NG Gemeente Trompsburg, lewer DV op Sondag 28 April 2024 sy afskeidspreek. Hy vestig hom op sy plaas Donkerpoort in die distrik en by Merwesrus, sy boekehuis op Reebok.

'N LAASTE GEDAGTE

# Hemelvaart

**_Deur dr Johan Nel_**
_Seminariumbestuurder, NG Kerk Vrystaat_



**Foto:** _Dr Johan Nel (Foto deur: Tertius Botha)_

_11 **"Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het."**_

- HANDELINGE 1:11 AFR83

**Preek**

Hemelvaartdag is die weeskind onder die Christelike feesdae. Vergelyk dit byvoorbeeld met Kersfees: Maande vóór Kersfees kondig die winkelvensters reeds die koms van Kersfees (Krismis!) aan. Die hele wêreld kom in rep en roer, want dis geskenke koop en koek bak van vroeg tot laat, om van die kersversierings nie te praat nie.

_"Hemelvaart is die begin van God se oorwinningstog deur die wêreld. Die kerk moet met die blye boodskap deur die wêreld trek."_

Die wêreld met sy geldsug het onder andere deur sentimentaliteit die geleentheid van Kersfees aangegryp. Dit het kommersieel geraak.

Volg ons die vloei van die Kerkjaar, dan kom Lydenstyd, wat – so voel dit vir my – meer en meer aandag kry, dieper betekenis, en wonderlik dat dit so is. Wat my tref, is hoe Paasnaweek as't ware ontwikkel het sedert my kinderdae, toe dit eintlik bloot 'n lekker langnaweek was, na die dieptepunt, simboliek en nuanses en kleure wat dit nou bereik het. Lidmate besoek deesdae oor kerk- en gemeentegrense gemeentes waar moeite gedoen word met die Groot Lydensweek, en die swart van Goeie Vrydag, wat op Opstandingsondag oopbars in 'n crescendo van jubeling en fees, want die Here het opgestaan!

Hemelvaart bied egter moeilik aan die handel van die wêreld of aan die sentiment van die mens 'n geleentheid om daarvan 'n _fanfare_ te maak. Hemelvaart is eintlik net die Christene se fees. Die wêreld trek geen voordeel uit Hemelvaart nie.

Daarom moet ons iets van Hemelvaart maak. In Advent wag ons op die koms van die Messias, met Kersfees herdenk ons die koms van Christus. Met Hemelvaart herdenk ons die vertrek. En weet Hy sal weer kom, nes Hy weggegaan het met die wolke.

**Lees meer »**



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

### SAMESTELLERS

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

### LUISTER-ARTIKELS

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

### PROEFLESERS

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

# NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2024 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**



**NG KERK VRYSTAAT | © 2024**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING